

IN DIE HOOGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA  
(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

SAAKNOMMER: CC 482/85

PRETORIA

1988-02-26

A

DIE STAAT teen:

PATRICK MABUYA BALEKA EN 21

ANDER

VOOR:

SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN

ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT:

ADV. P.B. JACOBS

ADV. P. FICK

ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING:

ADV. A. CHASKALSON

ADV. G. BIZOS

ADV. K. TIP

ADV. Z.M. YACOOB

ADV. G.J. MARCUS

TOLK:

MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE:

(SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT:

AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

-----

KONTRAKTEURS:

LUBBE OPNAMES

-----

VOLUME 354

(Bladsye 20 270 - 20 315)

HOF HERVAT OP 26 FEBRUARIE 1988.

DENNIS VICTOR BLOEM, v.o.e.

MNR. JACOBS : U edele, al die beskuldigdes is teenwoordig by die hof.

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Mn. Bloem, is dit reg dat in u winkel of kafee, Dixie Kafee, het u heelwat plakkate en ander dinge aangebring van 'n politieke aard op die mure? -- Dit is korrek.

Onder andere - u edele, ons sal dit nie inhandig nie, ons wil dit net aan die hof toon en dan beskryf op die (10) rekord - hier plakkaat van ongeveer 18cm by omtrent 30cm skat ek hom die grootte ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Hoe groot sê is dit? Praat u van duime? Hier is 'n liniaal.

MNR. JACOBS : 45 by 60. Ek sien my skatting is baie swak. Dit is 'n groot plakkaat waarop bo staan "Stop Le Grange's law. No to a permanent emergency." Is dit reg? -- Ja.

Waar het jy hierdie plakkaat gekry? -- Ek het die plakkaat van 'n sekere Bizzah Makgathe af gekry.

Wie is hy? -- Dit is 'n vriend van my. (20)

Van waar? -- Van Kroonstad.

En dit is uitgegee deur DESCOM? -- Ja, ek weet nie wie het dit uitgegee nie.

Khotso House? -- Ja.

HOF : Staan dit daar op?

MNR. JACOBS : Dit staan op dit. Hoekom het jy hierdie plakkaat teen die muur opgesit? -- Ek is gevra dat ek dit moet opsit.

Die vriend van jou wat jou gevra het, het hy jou gevra om dit op te sit? -- Hy het my gevra om dit op te sit. (30)

Aan/...

Aan watter organisasies behoort hy? -- Hy behoort op die oomblik aan geen organisasie nie.

En daardie tyd?

HOF : Laat ons net duidelikheid kry, wat is daardie tyd?

Ons weet dit was die Palladium Kafee. Ons weet dit word die Dixie Kafee. Ons weet glad nie wanneer dit wat geword het nie. Ons weet nou nie waarvan ons praat nie.

MNR. JACOBS : Wanneer is die plakkaat daar opgesit? -- Ek kan nie meer mooi onthou wanneer die plakkaat daar opgesit is nie.

Die vriend van u, het hy voorheen aan enige organisasies(10) behoort? -- Nee, nog nie aan 'n organisasie behoort nie.

HOF : U sal seker weet in watter jaar die plakkaat op was?  
-- Ja, dit was in 1986.

MNR. JACOBS : 'n "Congress resister" wat uitgegee is deur Transvaal Indian Congress was daar opgeplak. Is dit korrek?  
-- Ja, dit is korrek.

Hy was opgeplak met "Organise or starve" teen die muur na die voorkant toe? -- Ja, dit is reg.

Wanneer het u hierdie plakkaat gekry? Nie plakkaat nie, dit is 'n - ek weet nie wat dit is nie. Dit is 'n bladsy van(20) 'n "newsletter" van die Transvaal Indian Congress? -- Ja.

Van April 1985? -- Dit is korrek.

Hoekom het u dit daar opgeplak? -- Ek het dit uit my eie uit opgeplak.

Maar ek vra hoekom? -- Want ek het die inhoud van die hele koerant - ek het daarvan gehou.

En het jy dit daar opgeplak dat die mense dit kan kom lees?  
-- Dit was nie my doel nie.

Nou maar hoekom? Jy plak mos nie 'n ding op as jy nie wil hê die mense moet dit lees nie? -- Nee, dit was nie my(30) doel/...

doel dat die mense dit moet lees nie.

HOF : Waar het u dit opgeplak? -- Op my kafee se muur.

MNR. JACOBS : En as ek u reg verstaan het is dit 'n kafee waar daar baie mense in kom? -- Dit is korrek.

As 'n mens 'n ding opplak op 'n muur dan wil 'n mens dit mos daar opplak vir die mense om te lees? -- Dit was nie aan die kant van die mense geplak nie, maar dit was aan die kant waar ek self werk geplak.

HOF : Dit is nou agter die toonbank? -- Langs die toonbank.

MNR. JACOBS : Waar het jy hierdie stuk gekry wat jy daar (10) opgeplak het? -- As ek mooi kan onthou was daar 'n persoon wat dié nuusblaaië uitgedeel het.

Wie is die persoon? -- Ek kan nie onthou wie die persoon is nie.

Is dit daar opgeplak sedert April 1985? -- Ja, ek kan nie onthou wanneer is dit opgeplak daar nie.

Dan is daar 'n volgende een. Dit is nog 'n "Congress Resister" ook uitgegee deur die Transvaal Indian Congress. Dit bestaan uit twee blaaië en hy is ook opgeplak met aan die een kant 'n groot artikel waar die groot opskrif is (20) "Millions to make mark against apartheid" en dan 'n UDF teken daar by. Aan die ander kant "Bury the new deal" en dan is daar 'n plakkaat "Unite against Botha's plans."

HOF : Wat is die datum?

MNR. JACOBS : Ek sal dit nou kry. Februarie 1984. Is dit reg? -- Ja, dit is korrek.

Waar het u hierdie "Congress Resister" gekry? -- Dit was ook versprei daar.

Deur wie? -- Ek kan nie onthou wie het dit versprei nie.

Hoekom het u hierdie een opgeplak daar teen die muur? (30)

Ek/...

-- Ek het ook van die inhoud daarvan gehou.

HOF : Van watter kant? -- Van die kant waar dit opgeplak was. Dit was so teen die muur geplak.

Dus die stukke wat die advokaat uitgelees het was leesbaar? -- Ja, dit is reg.

MR BIZOS : I would invite your lordship to look at the scotch tape despite the witness's answer.

HOF : Was hy teen 'n venster of teen 'n muur geplak? -- Hy was teen 'n muur geplak.

Kyk 'n bietjie na daardie plakband? -- Wat bedoel u? (10)

As u voel, watter kant is hy klewerig? -- Hierdie kant.

As u hom nou so teen 'n muur plak met die klewerige kant teen die muur, wat wys? -- Ek dink dat die polisie wat dit afgeneem het kan getuig dat dit teen 'n muur geplak was.

Ja, maar die vraag is watter kant was voor? -- Hierdie kant was voor.

Soos die advokaat uitgelees het? -- Ja,. dit is korrek.

MNR. JACOBS : Kan u vir ons sê wie het dit uitgedeel daar?

-- Soos ek nou gesê het kan ek nie onthou wie dit uitgedeel het - versprei het daar nie. (20)

Is hierdie tipe publikasie dan baie versprei daar in Kroonstad in die woonbuurties? -- Ek dra nie kennis daarvan nie, maar ek het een gekry van 'n persoon af.

Ek stel dit aan u die bedoeling was die mense moes dit gelees het? -- Nee, dit was nie my bedoeling nie.

'n Mens plak mos nie iets teen 'n muur as 'n mens nie wil hê dit moet gelees word nie? -- Dit was vir my doel.

Die volgende een wat jy daar gehad het is 'n plakkaat. Die opschrift daarvan is "Did Christ also die for political prisoners and their families" en dit is uitgemaak deur (30)

Suid-Afrikaanse/...

Suid-Afrikaanse Raad van Kerke. Dit is 'n plakkaat met die foto van 'n persoon daar op en ook 'n groep mense. Die persoon word agter tralies voorgestel. Is dit reg? -- Dit is korrek.

U het dit ook teen die muur aangebring. Is dit reg? -- Dit is korrek.

Waar het u hierdie plakkaat gekry? -- Ek het dit een Sondag by die kerk gekry. Dit was versprei by die kerk.

Watter kerk is dit? -- NG Kerk.

Waar? -- In Brentpark.

En wanneer was dit gewees? -- Ek kan nie onthou (10) wanneer dit was nie.

Die jaar? -- Ek dink dit was in 1986.

HOF : Was al hierdie dokumente nou gelyktydig teen die mure van u winkel of om die beurt? -- Nee, dit was almal teen die muur.

Almal gelyktydig daar? -- Ja.

So, daar was amper nie muur oor nie? -- Daar is baie muur oor. Daar was baie muur oor.

MNR. JACOBS : Dan was daar hierdie plakkaat uitgegee deur die UDF die gewone een "UDF unites - apartheid divides. (20) UDF" en dan "United Democratic Front forward to people's power." -- Dit is korrek.

En uitgegee deur UDF? -- Ja.

Is dit van die aanvanklike plakkate wat u by UDF gekry het, by beskuldigde nr. 20? -- As ek mooi onthou hierdie plakkaat het ek by die winkel gekry. Ek weet nie hoe hy daar aangekom het nie, want ek is nie altyd by die winkel nie.

En toe gaan plak jy hom teen die muur op? -- Dit is korrek.

Kan jy vir ons sê wanneer? -- Ek dink dit was ook in (30)

1986.

En dit was om UDF te bevorder en te populariseer onder die mense? -- Dit is korrek.

En ook om te populariseer dat die mense moet deelneem en voortgaan "Forward to people's power"? -- Soos ek alreeds gesê het op die banier is dit so.

Maar dit was die bedoeling gewees dat die mense moet aangemoedig word om hulle te beywer vir die vestiging van "people's power"? -- Wat bedoel u by "people's power"?

Ek weet nie, dit is julle pamflet wat jy daar opgeplak(10) het en dit is wat jy wou gehad het die mense moet sien? -- Ek het dit verduidelik aan die hof.

Het jy vir elke mens wat daar aangekom het verduidelik waarvoor staan "people's power"? -- Nee.

So, die idee wat die mense gekry het is hulle moet hulle beywer vir "people's power" te vestig? -- Ek kan nie ander mense se gedagtes lees nie.

Die volgende plakkaat, dit is nog 'n grootte ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Waar is die plakkaat uitgegee? (20)

MNR. JACOBS : Dit was 'n UDF plakkaat uitgegee "Issued UDF Khotso House, De Villiers Street, Johannesburg." Dan is hier 'n groot swart plakkaat waarop in wit letters geskryf staan "The dark night of dispair cannot concour the light of justice" en dan staan daar dit is "Published by 'Student Union for Christian Action, P.P. Box 5, Athlone, 7764 and printed by S.Y. Press (Pty.) Ltd., Vanguard Drive, Athlone Industries." Dan begin hy bo. Die middel van daardie plakkaat het heelwat name. Dit begin bo met "1960 Sharpeville 69" en dan gaan dit dood, blykbaar soos die ding gemaak is (30)

"1985/...

"1985 Matthew Goniwe." Wie is Matthew Goniwe? -- Ek dra nie kennis wie is Matthew Goniwe nie.

"Mhlawuli. Sparrow Nkhon." Die res kom nie uit nie.

"Andries Raditsela 658. Steve Biko 12/9/77. Neil Agget.

Uitenhage 21/3/85. Anthony Masunyane. Mvulane." Daar is 'n kers wat brand en dan is daar halwe woorde wat 'n mens nie kan uitmaak nie. Steve Biko, wie is hy?

HOF : Net voor u verder gaan, wie het hierdie plakkaat uitgegee?

MNR. JACOBS : Dit is uitgegee "Published by Student Union(10) for Christian Action, P.O. Box 5, Ahtlone." Waar het u hierdie plakkaat gekry? -- Ek sal net vra, ek glo nie dat die plakkaat volledig uitgelees is nie. U het uitgelees "The dark night of despair cannot concour the light of justice," maar daar is 'n Bybelvers ook aangebring.

HOF : Lees u die deel wat u in die rekord wil inlees. -- "John 1 verse 5."

Is dit nou by die teks heel bo aan? -- Dit is korrek.

MNR. JACOBS : Nog? -- Nee, dit is al. Ek is tevrede.

Waar het jy hierdie plakkaat gekry? -- Ek het dit (20) tesame met die ander plakkaat gekry wat ek gesê het ek by die kerk gekry het.

Jy sê jy weet nie wie is Goniwe, Matthew Goniwe nie?  
-- Nee, ek weet nie.

En Sparrow Nkhon? -- Nee, ek weet nie wie is dit nie.

Andries Raditsela? -- Nee, ek weet nie wie is dit nie.

Steve Biko? -- Ek het gelees van hom.

Wie was hy? -- Dit was 'n swartbewussynsleier.

Neil Agget? -- Nee, ek weet nie wie is dit nie.

En dan Uitenhage 21/3/85, wat het daar gebeur? -- Nee.(30)

Anthony/...

Anthony Masunyane? -- Nee, ek weet nie wie is dit nie.

Is dit nie almal mense wat in die sogenaamde vryheidstryd gesterf het hierso nie? -- Ek kan nie saamstem nie, want ek ken nie die persone nie.

Hoekom het jy hulle dan opgeplak? -- Ek het dit opgeplak vir die boodskap daar bo.

So, hierdie een was opgeplak vir 'n boodskap vir die mense? -- Nee, vir myself.

Hoekom het jy hulle dan nie by jou huis opgeplak as hulle so vir jou self was nie? -- Ek is meeste van die tyd by die winkel. (10)

Die volgende plakkaat wat daar opgeplak was teen die muur is, 'n groot plakkaat "Stop harrassing our mother Winnie Nomzamo Mandela." Dan is daar 'n foto van haar en op haar voorkop is daar 'n wapen aangebring, 'n rooi plakker "Free Mandela now". Onder haar foto verskyn die volgende in groot duidelik leesbare letters "The nation salutes and supports you and all those who oppose Botha's unjust laws" en dan in rooi letters daar onder "There shall be houses, security and comfort" en dit is uitgereik, groot swart letters wat aangebring is "Issued by the Winnie Mandela Support Committee in conjunction with the Release Mandela Committee. First Floor, Portland Place, 37 Jorrisen Street, Braamfontein." Waar het u hierdie plakkaat gekry? -- Die plakkaat het ek gekry toe ek by die winkel gekom het. Ek weet nie wanneer was dit nie, maar ek het die plakkaat daar kom kry en my vrou het vir my gesê dat daar persone die plakkaat daar kom aflewer het.

U het dit toe ook op die muur van u winkel gaan opplak? -- Hy was alreeds opgeplak. (30)

HOF/...

HOF : Is dit toe u terugkom van aanhouding af? -- Ek is nie honderd persent seker of dit nou tydens my aanhouding was of dit in my vrye tyd was nie.

Dit wil sê voor u aangehou is? -- Ja, ek is nie seker nie.

MNR. JACOBS : Kan u vir die hof min of meer sê vir hoe lank was hierdie plakkaat daar in u winkel gewees wat dit vertoon was? -- As ek mooi kan onthou was die plakkaat omtrent drie tot ses weke daar. Ek is nie seker nie.

En die idee was ook gewees dat die mense moet dit (10) lees? -- Nee, die idee was glad nie dat mense dit moet lees nie.

Wat was die idee in hierdie geval? -- Ek persoonlik hou van die foto daar op.

Maar u het mos nou vir die hof gesê u het nie die plakkaat op die muur aangebring nie? -- Ja, dit is korrek. Ek het die plakkaat daar gekry en ek het daarvan gehou.

So, voor die tyd was hy seker aangebring deur die mense daar dat daar geadverteer moet word en vir die publiek om te sien? -- Soos ek reeds gesê het het my vrou die plakkaat (20) aangebring.

Ken jy 'n Release Mandela komitee in Kroonstad? -- Nee, ek ken nie so 'n komitee in Kroonstad nie.

Die volgende wat ek aan u wil toon is eintlik twee Grassroots maar wat saam opgeplak was. Dit is die hele plakkaat se voorkant en die agterkant langs mekaar en aan mekaar geheg met kleefband. -- Ja.

HOF : Dit is twee koerantblaaie?

MNR. JACOBS : Nee, dit lyk vir my dit is meer as 'n koerant hierdie. Ek weet nie hoe om dit te beskryf nie. -- Kalender. (30)

Kalenderblaaie/...

Kalenderblaarie? -- Op hulle is kalenders op die onderkant van hulle, maar dit is so geplak dat die voor- en die agterkant wys.

HOF : As jy hulle saam langs mekaar opplak is dit een kalender of is dit twee kalenders?

MNR. JACOBS : Ons sal by Januarie begin tot Junie en dan gaan dit van Julie af op die ander oor.

HOF : Wat is die datum van daardie kalender?

MNR. JACOBS : Hy begin Januarie 1984 tot Desember 1984.

HOF : Was dié ding opgeplak in die winkel? -- Ja, dit was (10) ook opgeplak.

Gelyktydig as al die ander goed wat hier getoon is? -- Dit is korrek.

So, dit wil dan voorkom of al die plakkate in 1984 opgeplak was? -- Dit is nie dieselfde tyd opgeplak nie. Die ander is later aangebring.

MNR. JACOBS : Is dit reg dat op hierdie deel - kom laat ons dit net eers kry. Waar het u hierdie kalender gekry? -- Hierdie kalenders het deur die pos na my toe gekom.

Van wie af? -- Ek kan nie meer onthou nie, maar ek (20) dink dit is van Grassroots self.

MNR. JACOBS : Die eerste bladsy sal ek eers beskryf. Dit is waar die Januarie 1984 deel begin. Bo staan groot "Grassroots 1984." -- Dit is korrek.

Dan is daar foto's wat blykbaar op 'n TV geneem is of wat voorstel om op 'n TV beeld te wees, eerste waar daar soldate of mense met gewere staan. Dan is daar van die president, Hendricks en sekere ander mense en dan dieselfde as hierdie persoon wat dan op die regterkant van die plakkaat groot met sy arm vuis in die lug staan deur die TV breek. (30)

HOF/...

HOF : Ekskuus?

MNR. JACOBS : Hy breek uit die skerm van die TV uit met sy vuis in die lug en dan verskyn dieselfde persoon langsaan.

HOF : Nou maar wie is dit nou?

MNR. JACOBS : Ek sal nou kyk of ek kan sien.

MR BIZOS : Whilst my learned friend is looking, in relation to the date that your lordship raised. One of the previous placards had events, actually the date 1985 on. So, it must have been printed after - in 1985 at least. There are date on it. (10)

COURT : It should be obvious to determine when these things were attached. So, there should not be any problem. I cannot see why there should be.

MNR. JACOBS : Hier is nie 'n naam by nie. Miskien kan die getuie vir ons sê wie die persoon is. Ek ken hom ongelukkig ook nie.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Is dit 'n hom of 'n haar?

MNR. JACOBS : Dit kan 'n haar ook wees.

HOF : Is dit 'n stoeier?

MNR. JACOBS : Dit kan 'n baie fris ou wees en dit kan 'n (20) haar wees. -- Nee, ek weet nie wie is dit nie.

Dan onderaan hierdie ding word daar gegee "Inside: The people's demands. The people's history. The people's hardship. The people's dreams. The people's voice. The people's paper." Dan word daar verder gegee "Days to remember" en onder "Days to remember" word dan die volgende gemerk "March 21, 1960 69 killed at protest against passes in Sharpeville. April 6, 1952 defiance campaign launched against apartheid laws. May 1, international day of solidarity with workers all over the world. June 16, students march (30)

in/...

in streets of Soweto protesting against gutter education, hundreds killed. June 26, people from all over South Africa signed the freedom charter of the congress of the people in Kliptown." Dit is wat op die een kant - en die ander deel dan is die maande Januarie, Februarie, Maart, April, Mei en Junie se kalenders in die linker onder hoek? -- Dit is korrek.

MR BIZOS : To avoit references to the same document again, may I draw your lordship's attention to the main headline on that page and could that be recorded?

COURT : "We speak for ourselves"? (10)

MR BIZOS : "We speak for ourselves" and underneath "Dummy councils."

MNR. JACOBS : Die ander deel, die tweede helfte, dit is dieselfde kalender wat ook die agterkant is, maar twee is gebruik. Die agterkant is die tweede deel wat soos ons netnou beskryf het vasgeheg was aan die deel wat ek reeds afgelees het. Die ander deel wat dan ook vertoon was is "Let the voice of freedom grow louder and stronger." Dit is die opskrif heel bo en tussen daardie opskrif wat ek gelees het verskyn daar 'n klomp foto's en dan gaan daardie selfde opskrif weer (20) onder aan binne-in 'n rooi vierkant "Until we win our freedom - our demands." -- Dit is korrek.

En dan onder die opskrif, die eerste wat ons kry is 'n foto van persone "Down with government president's council. Long live the people's freedom charter. The people shall govern. All national groups shall have equal rights. The people shall share the country's wealth. The land shall be shared among those who work it. All shall ..." Dan is dit baie onduidelik. Ek kan nie uitlees wat daar staan nie. Onder die persone wat daar is. Sal u saamstem dat hierdie (30)

deel/...

deel, die duidelike deel waar hy dan onduidelik word is aanhalings uit die Freedom Charter uit? -- Ja.

Dan kry ons daardie foto's en onder hierdie skrif wat ek nou gehad het "At our meetings" en dan is dit puntjies "On our walls, in our newsletters." Onder die volgende reeks foto's gaan dit dan aan "On our clothes, in our place, on our placards." Onder die volgende reeks foto's gaan dit aan "On our posters, on our banners, on our songs." Wat beteken dit? Kan u vir die hof duidelik maak? "At our meetings mag miskien 'n onderskrif wees vir die persoon wat 'n toespraak lewer in die eerste ry foto's. "On our walls" dit is waar die Freedom Charter se geskrif gestaan het. "In our newsletters" is 'n foto van 'n vrou wat 'n koerant lees. "On our clothes" is 'n persoon met 'n AZASO, a "woman's day AZASO" T-hempie. "In our place" is 'n groep mense wat beweeg. "On our placards" is 'n groep persone wat plakkate dra. "We are born and bred at Cape Town. We are not fighting. We need houses, houses, houses. We are in our rights." "On our posters" is 'n persoon wat by 'n klomp onder andere "UDF people's weekend" posters staan. "On our banners" is 'n CAHAC banier blykbaar en ook 'n "UDF unites against conscription" banier en "In our songs" is 'n persoon wat speel. Ook op hierdie kant is daar "Days to remember" aangebring. Hier word genoem Augustus 9, 1956 "20,000 women marched to Pretoria to protest against pass laws. August 20, 1983 15,000 people attend launching of United Democratic Front in Rocklands, Cape Town. August 26, day of solidarity with the people's in Namibia. October 19, 1977 the World newspaper and 19 organisations banned" en dan "December 16 We remember the heroes that have died in the struggle for(30) freedom/...

freedom." Is dit nie so nie dat ook hierdie twee dokumente of pamphlette, wat dit ook al is, het u opgeplak daar vir die mense om te sien? -- Nee, nie vir die mense om te sien nie.

En te adverteer? -- Ek stem nie saam nie.

' Laat ek net so hoor. Was u ooit behulpsaam gewees en self herdenkingsdae georganiseer of daaraan deel geneem? -- Nee, ek het nog nie deel geneem daaraan nie.

Nooit? -- Ek het nog nie deel geneem daaraan nie.

Georganiseer? -- Ek weet nie.

Wat weet u van 16 Desember af as "heroes day"? -- Nee, (10) ek weet niks daarvan nie.

Is dit nie die dag wat as 'n herdenkingsdiens geneem word vir die mense wat in die vryheidstryd gesterf het nie? -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

Ek sien dit sê hier hierdie was "Issued by Grassroots Publications, 401 Atlantic House, Short Market Street, Cape Town." Nog 'n kalender wat u daar aangebring het op daardie mure in die kafee ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Watter datum is daar op?

MNR. JACOBS : 1985.

(20)

HOF : Het u hierdie een aangebring op die muur? -- Dit is korrek.

Het u toe die eerste een afgehaal? -- Nee, hy het ook nog gehang daar.

MNR. JACOBS : Die dokument wat ek nou het is dan 'n kalender. UDF se wapen verskyn in die linker bokantste hoek. Dit is die ronde kring met die UDF letters en die mense wat loop. Dan die jaar 1985 met die opschrift "The people shall govern." -- Dit is korrek.

Hierdie een is blykbaar een wat opgeplak is met die (30) voorkant/...

voorkant vanaf Julie tot Desember 1985 en bokant Juliemaand  
s'n is daar 'n foto van ... (Hof kom tussenbei)

HOF : Gewoonlik begin 'n mens by Januarie.

MNR. JACOBS : Kan ons net kry, was hierdie twee dieselfde  
as die vorige een ook? Die kalender het twee kante, maar  
die twee kalenders is gebruik om langs mekaar te sit met  
eers Januarie, eintlik nie van Januarie af nie, dit begin  
by Februarie tot Junie en dan langs hom die een wat ek reeds  
beskryf het van Julie tot Desember? -- Dit is korrek.

HOF : Het daardie jaar nie Januarie nie? (10)

MNR. JACOBS : Nee. -- Dit is korrek.

Daar was 'n klein Januarie, maar dit is waar 'n blango  
spasie oopgelaat is.

HOF : Het u hierdie twee langs mekaar geplak? -- Ja, dit is  
korrek.

MNR. JACOBS : Die Januarie soos reeds gesê is daar spasies  
waar telefoonnummers aangebring kan word. Daar is lyne  
"phone numbers"? -- Ja, dit is so op.

En Februarie het bokant waar mense betoog met plakkate.  
Die voorste een is 'n plakkaat van "The people shall govern." (20)  
Die tweede persoon wat 'n plakkaat toon "Houses security and  
comfort" en die derde plakkaat wat daar opgehou word "The  
doors of learning culture opened." Hierdie plakkate wat  
genoem word, is dit ook afkomstig uit die Freedom Charter  
uit? -- Ek weet regtig nie.

"The people shall govern", is dit 'n voorskrif van die  
Freedom Charter? -- Ja.

En "Houses security and comfort for all", is dit nie  
'n voorskrif van die Freedom Charter nie? -- Dit is korrek.

En "The doors of learning culture opened for all" is (30)

dit/...

dit nie ook 'n voorskrif van die Freedom Charter nie? -- Dit is korrek.

By Maart is dit net 'n groepe persone blykbaar in 'n plattelandse omgewing. April is 'n vrou met twee kinders waar die een klein kindjie alreeds met die regterhand omhoog staan. Is dit reg? -- Ja.

Mei is 'n klomp arbeiders blykbaar by 'n myn.

HOF : Met 'n megafoon.

MNR. JACOBS : Met 'n Megafoon en Junie is weer mense wat - blykbaar jong mense hierdie keer, in optogte deelneem en (10) hardloop met plakkate "Forward" en dan "Forward with democratic SRC'S". Dit verteenwoordig die jeug. Is dit reg? -- Dit is korrek.

Junie en Mei verteenwoordig die arbeiders en April verteenwoordig die vrouens.

MR BIZOS : I do not know whether the heading was read to your lordship.

COURT : Not yet.

MNR. JACOBS : Dan op hierdie kant is die opskrif heel bo ...  
(Hof kom tussenbei) (20)

HOF : Bo-aan staan "1985 Long live UDF Ban apartheid."

MNR. JACOBS : Waar het u aan hierdie almanakke gekom?

HOF : Gaan u die ander kant ook doen of is ons klaar?

MNR. JACOBS : Ek dog ek het dit net nou gedoen. Ek het net nou begin met hom. Ek sal dit net klaar maak. Ek dink ek het die opskrif klaar gegee vir die hof aan hierdie kant.

HOF : Wat is die opskrif?

MNR. JACOBS : "1985 The people shall govern." Julie is dan die foto's van die weermag. Daar is blykbaar 'n jeep wat daar beweeg en soldate. Daar by die soldate is daar (30)

blykbaar/...

blykbaar 'n COSAS banier wat blykbaar met 'n kokipen doodgekrap is. Weet u iets daarvan?

HOF : Is dit nie 'n konfrontasie daardie tussen die weermag en 'n klomp mense wat daar staan nie, mense wat soos soldate lyk en 'n klomp mense met 'n COSAS banier wat daar staan nie? Gee vir my die ding hier.

MNR. JACOBS : So, Juliemaand is daar blykbaar polisie of weermag wat 'n klomp mense konfronter onder ander waar hulle 'n COSAS banier hou. Is dit reg? -- Ek dink so, ja.

Augustus, die foto, daar is mans en vrouens en dan (10) is daar 'n UDF banier wat daar bo gehou word. September is 'n klomp blykbaar workers met T-hempies. Daar staan 'n UDF T-hempie. Dan is daar 'n plakkaat of 'n banier "Long live UDF Ban apartheid" en dan is daar ook blykbaar "Low wages high rents" geskryf. Oktober is 'n foto van 'n man wat agter tralies sit, blykbaar wat 'n tronk voorstel. "Release all political prisoners now." November is blykbaar 'n klomp jeugdiges. In die middel staan een met 'n UDF T-hempie aan en blykbaar is dit jeugdiges want "Youth unite" staan daar agter hulle op 'n swart muur geskryf. Desember is 'n klomp(20) jong mense wat met 'n plakkaat staan "Forward" en ook ouer mense en dan is daar 'n klomp jongerige mense wat in 'n orkes speel. Op die kant waar die eerste helfte van die jaar voorkom word daar weer gesê "April 6 and 7 UDF National AGM. March 21 Sharpeville day." Onder Mei staan daar "May 1 labour day. May 31 anti-republic day. June 16 commemmoration. June 26 freedom charter day." Op die tweede deel is "August 9 national women's day. August 20 launch of national UDF. September 3 Vaal uprising. October 11 day of solidarity with political prisoners. December 16 (30)

heroes/...

heroes day." Dit is weer almal daar waar herdenkingsdienste gehou moet word. Is dit reg? Het u vir ons gesê waar u hom gekry het? -- As ek mooi kan onthou was daar persone wat in die straat besig was om hierdie kalenders te verkoop.

Het jy nie hulle nie gebring toe jy by die UDF kantore was om te gaan verkoop in die Vaal nie? -- Nee.

Nie in die Vaal nie, in Seeisoville? -- In Seeisoville, nee.

Jy het ook nie na die einde van 1985 hierdie stukke afgehaal van die muur af nie? -- Nee. (10)

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Het u die persone geken wat dit verkoop het? -- Nee.

MNR. JACOBS : Die volgende wat op die muur was wat ek nie verstaan hoe dat jy hom daar aangebring het nie is "Awake Black students". -- Ja, ek ken dit.

HOF : Wat is dit? Is dit 'n tydskrif of wat? -- Dit is 'n tydskrif.

MNR. JACOBS : Van AZASM? -- Dit is korrek.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Datum?

MNR. JACOBS : Maart 1985 volume 1 nommer 1. (20)

HOF : Is dit van AZASM?

MNR. JACOBS : Ja, A-Z-A-S-M.

HOF : Waar het u dit gekry? -- Laat ek net duidelikheid kry. Is dit op my muur gekry of waar is dit gekry?

MNR. JACOBS : In die winkel? -- Dit is in my winkel gekry.

Antwoord nou maar net? -- Waar het ek dit gekry? Laat ek verduidelik. Tydens my winkel beskadig was, daar was al ruite gebreek van my winkel, die winkel was al stukkend gegooi met klippe en toe het ek besluit om die jeugdiges te laat slaap in die winkel en moontlik kon een van die (30) jeugdiges/...

jeugdiges hierdie boek in die winkel gelos het.

Wat se jeugdiges het jy laat slaap in die winkel? -- Ek het jeugdiges gehuur om in die winkel te slaap.

Van waar? -- Dit was van Brentpark en van die lokasie.

Hoeveel het u gehuur om daar te slaap in die winkel? -- As ek mooi kan onthou was dit ses.

Wie is hulle? -- Ek kan nie hulle name meer onthou nie.

U huur mense om in die winkel te kom slaap en u weet nie eers wie is hulle nie? -- Dit is mense wat altyd in die winkel in kom en ek het hulle vra "Stel jy nie belang om (10) in die winkel te slaap nie? Stel jy nie belang om in die winkel te slaap nie?"

HOF : Wanneer was dit nou? Is dit omtrent die tyd toe die tydskrif uitgegee is in Maart 1985? -- Nee, dit was later daarna. Dit is daarna.

MNR. JACOBS : Wanneer was dit? -- Dit is omtrent 1986.

Wanneer in 1986? -- Ek is nie seker nie, einde 1985, begin 1986.

Dit is 'n swartmagboek, is dit reg? AZASM is 'n swartmagorganisasie? -- Ek het nie die boek deurgegaan nie. (20)

Die volgende ding wat daar in die winkel opgesit was en wat geraam was is 'n klein plakkaatjie blykbaar van UDF "UDF unites" en dan staan daar "How can you support UDF? Come to UDF's mass meetings and protest. Tell people about UDF stand against the sham parliament, the pass laws, police action, high prices and other evils. Join an organisation affiliated to the UDF." Dan weer in groter druk "These are the organisations you can join in your community, women's youth cultural civic or political organisations. At your workshops trade unions, at school student organisations (30)

like/...

like COSAS. Ask at the UDF stall how to contact the organisation in your area." Dan groot onder aan "Apartheid divides. Issued by UDF Khotso House, 42 De Villiers Street, Johannesburg." Dit is geraam in 'n taamlike duursame raam wat 'n staander agter het waarop hy staan om hom regop te hou op 'n plat oppervlakte. -- Dit is korrek.

Dit het u vertoon op die toonbank daarso? -- Dit was nie op die toonbank gevind nie.

Waar is dit gevind? -- Dit is agter my toonbank gevind.

Op die grond? -- Op die rak waar ons sigarette en so (10) aan pak.

Is dit ook as 'n vertoonplek daarso waar die rak is waar die sigarette en goed gepak word? -- Nee.

Hoekom het u daardie plakkaat so geraam en so geadverteer daar in u winkel? -- Ek het daarvan gehou.

Nie om UDF te adverteer nie? -- Nee.

Nie om mense aan te moedig dat hulle moet aansluit by die organisasies wat geaffilieer is met UDF nie? -- Dit was nie my doel nie.

HOF : Was dit te koop? -- Ek kan nie mooi onthou of dit te(20) koop was en of dit vry uitgegee was nie.

Nee, maar ek bedoel, was dit by u in die winkel om te koop? -- Nee, dit was nie te koop nie.

MNR. JACOBS : Hoe lank is daardie raam met die inhoud daar in die winkel vertoon? Van wanneer af? -- As ek mooi kan onthou is dit omtrent - ook omtrent twee maande wat dit in my winkel was.

Wanneer is COSAS verban? -- As ek mooi kan onthou - ek praat onder korreksie - dan is dit in 1985.

Wat maak u dan nog in 1986 met 'n ding in u winkel waar (30) mense/...

mense aangemoedig word om by COSAS aan te sluit by 'n verbanne organisasie? -- Ek het nie baie notisie geneem van hierdie goed wat in my winkel gelaat is nie.

U kan nie dit vir die hof sê nie. U het spesiaal gegaan om hierdie ding te raam in 'n duursame raam? -- Soos ek nou sê let ek nie altyd op dinge wat in my winkel is, soos die plakkate en enige ding nie.

Stem u saam dat hierdie een het u so besonder belangrik geag dat u dit spesifiek gaan raam het agter glas in 'n duursame raam? -- Dit is korrek. (10)

So, jy het baie ag op hom geslaan? -- Dit is geraam om dit netjies te hou.

Waar het u aan hierdie UDF traktaatjie of pamfletjie gekom? -- Soos ek nou reeds gesê het, is ek nie seker of dit te koop was en of dit versprei was verniet nie. Ek is nie seker daarvan nie.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Maar u het dit geraam? -- Ek het dit geraam.

HOF : Ja, maar kan ons nou net duidelikheid kry. As in 1985 COSAS verban is, het u die ding dan gaan raam voor (20) of na die verbanning van COSAS? -- Dit was voor die tyd.

As u hom dan voor die verbanning van COSAS gaan raam het, dan kan 'n mens seker aanvaar dat u voor die verbanning van COSAS hom in die winkel gesit het? -- Dit was voor die tyd.

Dan moes hy baie langer as twee maande in u winkel gewees het? -- Ek het gesê ek praat onder korreksie. Ek is nie seker hoe lank die betrokke dokument in my winkel was nie.

MNR. JACOBS : Die volgende is, daar in die winkel het u (30) ook/...

ook sulke groen plakkers gehad beskikbaar waarop gestaan het - die twee aan weerskante is "Stop" en op 'n swart agtergrond "harrassing our mother comrade Winnie Mandela. Issued by the Winnie Mandela Support Committee and Release Mandela Campaign, Jorri森 Street, Braamfontein." -- Doodreg, ek ken dit.

Dit het u daar gehou om te verskaf aan die mense wat daar ingekom het, is dit nie? -- Nee, dit was nie vir daardie doel nie.

Nou waarvoor het jy hulle dan daar aangehou? -- 'n (10) Sekere persoon het dit weer daar by die winkel aangebring in my afwesigheid.

Is dit reg, hierdie is die plakkertjies waar jy van 'n kleefband dit aftrek dan het jy agter 'n klewerige deel wat jy op 'n voertuig of op enige ding kan vasplak? -- Ek neem so aan. Ek het nie daardie goed ondersoek nie.

Jy het hulle in jou winkel en jy ondersoek hulle nie, jy sien hulle nie met al jou politieke belangstellings? -- Ek het baie, baie min tyd om al hierdie dinge deur te gaan.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Wie is die persoon wat dit (20) gebring het? -- Dit was in my afwesigheid.

MNR. JACOBS : Die volgende een is 'n foto van 'n klomp mense wat betoog en hardloop in 'n straat. Een voor het Release Mandela T-hempie aan. Dit lyk soos 'n betogende klomp mense en bo-aan is ook weer twee "stickers" of 'n "sticker" gebruik en onder is 'n breë geel band waarop staan bo "Free detainees now" en onder is "Stop pass rates now." -- Ja, ek ken dit.

Het jy dit ook daar in jou winkel opgeplak? -- Hierdie plakkaat het ek kom kry na my vrylating van aanhouding.

HOF : Dit is 'n foto van 'n klomp jeugdiges wat deur die (30) straat/...

straat hardloop.

MNR. JACOBS : Wanneer was dit gewees wat u dit daar gekry het? -- Ek is nie seker wanneer dit was nie, want soos ek gesê het was ek al baiekeer aangehou. Ek kan nie spesifiek sê watter tyd was dit nie.

En dit het toe daar gebly? Jy het dit nie afgehaal nie? -- Nee, ek het dit nie afgehaal nie.

En dit moes 'n duidelike boodskap daar dra aan die mense? -- Ek glo nie. Al hierdie plakkate was nie vir die doel om 'n boodskap aan die mense te bring nie. (10)

Hoekom het jy hierdie een daar aangehou? -- Soos ek sê het ek nie hierdie een daar aangebring nie.

Maar jy het hom dan gekry. Hoekom het jy hom gehou daar? -- Ek het gelees en ek het gesien wat gaan daar aan.

Jy antwoord nie my vraag nie. Ek sal hom vir die derde keer nou vra.

Hoekom het jy dit daar gehou? Hoekom het jy dit nie afgehaal nie? -- Ek het dit daar gekry.

Hoekom het jy dit nie afgehaal nie? -- Ek het nie gevoel om dit af te haal nie. Daarom het ek dit nie afgehaal (20) nie.

Jy wou 'n boodskap oordra aan die mense wat in die winkel kom? -- Glad nie.

HOF : Maar hoekom is dit daar? Wat beteken dit? Wat dra daardie prentjie van 'n klomp mense wat op 'n betogende wyse in die straat hardloop - wat dra dit aan u oor? -- Ek sien net mense wat betoog en soos 'n mens 'n koerant koop en prentesiën in die koerante.

Maar sal u die ding in die sitkamer ophang? -- Nee, ek sal dit nie in my sitkamer ophang nie. (30)

Waarom/...

Waarom dan in u winkel? -- Soos ek sê het ek gehou van die prentjie.

Hoekom is dit vir u mooi? -- Die mense wat hardloop daar.

MNR. JACOBS : Jy het vir die hof gesê jy het nooit gehelp of enigiets gedoen om enige herdenkingsdienste te bevorder nie, georganiseer of bygewoon nie, laat ek dit liewers so stel. Het jy enigiets anders gedoen om dit te bevorder, om dit te adverteer of iets van dié aard? -- Nee, as ek onthou kan ek nie dink daaraan nie.

Jy sien, want die volgende een is huis 'n UDF plakkaat(10) "Ikhumbula remembers June 16." Dit is ook uitgegee deur die UDF. "June 16" is baie groot met baie groot duidelike swart letters uitgedruk en uitgereik deur "UDF Khotso House, De Villiers Street, Johannesburg" en dan die telefoonnummer daar. "Printed by Sham Printers Benoni."

HOF : Is dit bo-aan die UDF logo?

MNR. JACOBS : Logo. -- Ja, dit is korrek.

Dit is tog bevordering van herdenking van 'n dag wat veral die UDF baie waarde aan neg, die herdenking van 16 Junie? -- Ek het - die plakkate was versprei en ek het die(20) plakkaat gekry en ek het dit in my winkel gehang dat ek self moet aan June 16 dink, nie vir ander mense nie.

